



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

**VISUELE KUNSTE V1
NASIENRIGLYN**

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 23 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat met die nasien begin word:

1. Die memorandum bestaan uit AGT vrae. Kandidate moes enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte beantwoord.
2. Dit is BAIE BELANGRIK dat voorsiening gemaak word vir die kandidate in vele gevalle:
 - Kandidate moet krediet ontvang as hulle hul eie menings en idees in antwoorde gee.
 - Krediet moet ook aan laterale denke gegee word.
 - Argumente en stellings moet goed beredeneer en gemotiveer word deur na spesifieke faktore te verwys.
3. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees. Kolpunte ('Bullets') dien gewoonlik as riglyne om kandidate te help om hul antwoorde te struktureer.
4. Inligting en kunswerke wat in een antwoord bespreek is, mag nie krediet kry as dit in ander antwoorde herhaal word nie, maar kruisverwysings tussen kunswerke is toelaatbaar.
5. Kandidate moet die naam van die kunstenaar en die titel van elke kunswerk noem, waar van toepassing.
6. Kandidate mag beide twee- en driedimensionele kunswerke in enige antwoord bespreek, waar van toepassing.
7. Onthou dat baie kandidate hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Nasieners kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke put, binne die konteks van die vraag. Daarom moet nasieners onbevooroordeeld en buigbaar wees in die nasienproses.

ALGEMENE INLIGTING VIR NASIENERS

- Hierdie memorandum moet as 'n riglyn vir nasieners sowel as 'n onderrigmiddel dien. Daarom is die memorandum vir sekere vrae in groter diepte behandel sodat die materiaal as onderrigmiddel gebruik kan word. Ander dele van die memorandum kan slegs 'n voorgestelde gids wees.
- **LET WEL:** Nasieners word aangemoedig om kandidate te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te straf vir wat hulle nie weet nie.
- Alhoewel die inligting vir die vrae puntsgewys gegee word, moet kandidate in opstel-/paragraafformaat skryf en hul inligting op 'n holistiese wyse bespreek.
- Kandidate moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWAWE beantwoord, volgens die vereistes van elke vraag. Puntsgewyse antwoorde sal nie volpunte behaal nie.

RIGLYNE:

Daar word van die kandidaat verwag om die volgende te demonstreer:

- Om enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte te beantwoord.
- Vrae en onderafdelings moet duidelik en korrek **genommer** wees.
- Inligting wat alreeds in 'n vraag bespreek is, moet **nie herhaal word nie**. As dit herhaal word, word punte toegeken slegs vir die eerste keer toegeken. Kruisverwysing na kunswerke is toelaatbaar.
- Antwoorde sal in **volsinne en paragrawe** wees, volgens die instruksies by elke vraag. PUNTSGEWYS SAL SLEGS MINIMALE PUNTE VERDIEN.
- Die gebruik van korrekte **kunsterminologie**.
- Die gebruik en implementering van **visuele ontleding** en **kritiese denke**.
- **Skryf- en navorsingsvaardighede** binne 'n **geskiedkundige** en **kulturele konteks**.
- Plasing van spesifieke voorbeelde in 'n **kulturele, sosiale** en **historiese konteks**.
- 'n Begrip van eienskappe / eienaardige kreatiewe styl.
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars.

Daar word van die MERKER verwag om die volgende te demonstreer:

- Die aanvaarding van gemotiveerde beredenering binne die konteks van die vraag.
- Hou in gedagte inligting wat reeds hierbo in 'n paar van die vrae verskaf is.
- Om te merk volgens riglyne om die kandidate wat hierbo verskaf word.
- Om te besef dat hierdie memorandum dien as beide 'n riglyn vir nasieners sowel as 'n onderrigmiddel. Om hierdie rede is die inligting vir 'n aantal antwoorde in meer diepte en inligting bespreek; met betrekking tot ander antwoorde, hierdie is bloot voorgestelde riglyne.
- Om leerders te beloon vir wat hulle weet, eerder as om hulle te diskrediteer vir dit wat hulle nie ken nie.
- Om te verwys na die Visuele Kunste SAG dokument matriks (bl. 24) as riglyn om vlakke van prestasie te bepaal. (Sien volgende bladsy.)

LET WEL:

- Onthou dat baie kandidate hierdie voorbeelde moet bespreek alhoewel hulle dit nog nooit gesien het nie. Merkers kan dus nie feitelike akademiese inligting verwag nie. Hulle moet dus staat maak op uit hul eie ervarings, kulture en interpretasies van die kunswerke, binne die konteks van die vraag. Daarom moet merkers onbevooroordeeld en buigsaam in die merkproses wees.

PRESTASIE-KODE	LEERUITKOMS 4: VISUELEKULTUUR-STUDIES
7 Uitstekend 80–100%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.
6 Verdiensielik 70–79%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer 'n goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon uitstekende insig en begrip.
5 Substansiëel 60–69%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.
4 Gemiddeld 50–59%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n redelik goeie vlak van insig en begrip.
3 Bevredigend 40–49%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n bevredigende vlak van insig en begrip.
2 Elementêr 30–39%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer slegs 'n basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon 'n elementêre vlak van insig en begrip.
1 Nie behaal nie 0–29%	<ul style="list-style-type: none"> • Demonstreer 'n geringe of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer. • Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste Visuele Kuns-terminologie. • Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns. • Toon min of geen begrip of insig nie.

VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19de EEU

- 1.1 *Leerders moet visuele illustrasie FIGUUR 1a bestudeer en kortliks die toneel wat herskep is, beskryf:*

Sokrates word gevange gehou in 'n ondergrondse sel, soos waarskynlik afgelei kan word van die mense wat die trap in die verte opgaan. Die boeie op sy been is losgemaak; aangesien hy kort voor lank sou sterf, is dit nie meer nodig om hom geboeid te hou nie. Hy sit op 'n bed en reik sonder huiwering uit na die mengsel wat gif bevat, en bevestig sy oortuigings aan diegene wat hom omring. Party van die agter hom, insluitend die jongman voor hom wat die gif na hom uithou, kan dit nie verdra om te kyk hoe hy die vergiftigde mengsel drink nie, wat daarop dui dat hulle weet en hy weet dat die mengsel gif bevat. 'n Ou man, waarskynlik 'n kollega, sit aan die voet van die bed in totale wanhoop wat deur 'n ander in die gang gedeel word, wie se gesig teen die muur en arms in totale oorgawe is. Hy betreur Sokrates se dreigende dood. Verderaan, op 'n afstand, is diegene wat heelwaarskynlik die gifstof afgelewer het, besig om beslis te vertrek. Die werk beeld 'n Bybelse allegorie uit van Jesus wat sy Vader se 'beker' aanvaar het, onder protes van Petrus en ander wat hom probeer oorreed het om dit nie te doen nie.

(4)

- 1.2 *Leerders identifiseer die visuele leidrade wat die kunstenaar in sy skildery gebruik (FIGUUR 1a) om voor te stel dat Sokrates sy dood vrywillig aanvaar.*

Die volgende leidrade moet by die leerders se antwoord ingesluit word:

- Sokrates se postuur met uitgestrekte hand wat na die beker uitreik, terwyl die ander hand opwaarts wys in 'n gebaar van dappere oortuigingskrag of proklamasie.
- Sy kalm, onbedekte gesigsuitdrukking in vergelyking met verborge uitdrukkings en lyftaal van diegene wat hom omring.

(2)

- 1.3 *“Dawid se skildery (FIGUUR 1a) is 'n ware Neo-Klassieke skildery.”
Leerders moet die stelling regverdig deur die volgende te bespreek:*

- *Toepassing van lyn*
- *Toepassing van kleur*
- *Die komposisie in die skildery*
- *Die onderwerp en morele boodskap*

Toepassing van lyn

Harde presiese buitelyne is gebruik om die figure, die blokke wat die muur vorm en die geboë vorme, te definieer. *(Ten minste een punt uit hierdie kolpunt.)*

Toepassing van kleur

Neo-Klassieke skilders gebruik sterk kontraste tussen kleur en tussen donker en ligte areas. In die werk is daar sterk kontraste van die kleur van mense se klere wat teen 'n donkerbruin, grysblou omgewing geplaas word. Die jongman wat die beker aan Sokrates oorhandig, is in 'n sterk rooibruin kleed geklee. Dit is in teenstelling met Sokrates en sy terneergedrukte eweknie wie se los klere in liggrys-wit is. Die kleure van die klere van die mans wat Sokrates omring – op die voorgrond aan die regterkant – staan ook in teenstelling met mekaar en die donker agtergrond. Die donkerblou onderklere lig die geel bokant en die oranjebruin van die sittende figuur uit.

(Aanvaar ander toepaslike waarnemings van kleurkontraste.) (Ten minste twee punte uit hierdie kolpunt.)

Die komposisie

Die reghoekige formaat praat van kalmte wat resoneer in die gemak waarmee Sokrates sy dood aanvaar. Dit word egter uitgebalanseer met die regop postuur van Sokrates wat krag in 'n baie moeilike tyd voorstel. Die samestelling is asimmetries gebalanseer deur die figure met die driehoek van wydverspreide bene en torso's, wat die reghoekige sitplekke van die man links, regs en Sokrates se bed in die middel aanvul. Al hierdie is geplaas teen 'n agtergrondmuur van reghoekige blokke wat in 'n loopgang op die linkerkant oopgaan om na 'n ander muur te lei. *(Ten minste drie punte.)*

Onderwerp en morele boodskap

Neo-Klassieke onderwerpe het gewoonlik bestaan uit slegs 'n paar figure in rustige statiese posture, hoofsaaklik van klassieke beeldhoukuns afkomstig. Die vorms, kenmerke en anatomie van David se figure is kenmerkend van die ideale van die Grieks-klassieke beeldhouwerk. Die onderwerp soos behandel in 1.1 is 'n politieke skildery uit 'n historiese verhaal van antieke Griekeland. Die moraal van die verhaal kan beskryf word as soortgelyk aan Steve Biko se ideaal om te sterf vir 'n ideaal wat sal lewe soos Sokrates se filosofie. Dit weerspieël ook die Bybelse idee van selfopoffering om te red soos Jesus gedoen het. Die kunswerk beoog om Sokrates te prys vir die bereidwilligheid om dit te doen met gebrek aan vrees of emosie. Moed word gekontrasteer met vrees en emosie. *(Ten minste drie punte.)*

(Aanvaar relevante en insiggewende kommentaar, met motivering.)

(8)

1.4 *Leeders moet FIGUUR 1b en 1c bestudeer en in 'n paragraaf (½ bladsy) aantoon hoe Sihlali se werk soortgelyk of anders is as Turner se werk in terme van die volgende:*

- *Onderwerp*
- *Medium*
- *Tegniek en styl*
- *Moontlike interpretasies van die werk*

Onderwerp en moontlike interpretasies van die werk

Turner se skildery beeld die dodelike Middel Deurweg uit, waar skepe wat honderde slawe vervoer het, die Atlantiese Oseaan van Afrika na die Amerikas oorgesteek het. Onder haglike toestande en dikwels met min benodighede het baie slawe gesterf en is oorboord gegooi (1840). Die onstuimige atmosfeer word beklemtoon deur 'n voorgestelde silhoeët deur Turner van 'n skommelende skip op 'n afstand. Daar is ook sprake van oorblyfsels van liggame wat oorboord gegooi is, en seeroofdiere wat aan die liggame vreet word ook gesuggereer. In teenstelling met Turner, wys Sihlali se skildery die Pimville-kantore wat aan die brand gestee is deur oproeriges tydens die Soweto-opstand van

16 Junie 1976. Daar is drie figure op die toneel; twee wie se vuiste in die lug gebal is in 'n uitdrukking van oorwinning. Agter hulle is die brandende kantore; daar is 'n bejaarde man wat van die toneel af weggaan, en twee betogers op die agtergrond wie se vuiste in die lug gestee is as uitdrukking van oorwinning.

Medium:

Turner gebruik olieverf op doek terwyl Sihlali waterverf op papier gebruik.

Tegniek en styl:

Turner is algemeen bekend as die skilder van lig. Turner was lief vir die uitermatige gevolge van storms, sneeustortings, brande en sonsondergange omdat dit melodramaties was. Sihlali se werk het gewissel van gewone township-tonele tot werke wat die gevolge van apartheid toon, maar sy werk is taamlik kalm, en ontbreek aan die intensiteit van Turner se melodrama wat laasgenoemde se werk soortgelyk aan die Romantiek maak.

Soos blyk uit sy werk, is Turner besig om die atmosferiese effekte van lig en kleur in 'n draaikolk te verander waarin verskillende voorwerpe opgelos word. Sihlali gebruik eerder los en ligte wasborselstrokke wat ook 'n oplosbare effek van 'n struktuur wat deur vuur verteer word, skep. Hy gebruik ekspressiewe kalligrafiese hale met sy kwas en sy daaglikse werklikheid assosieer hom ook met Realisme en die sagte kleure kan met 'n romantiese lewensbeskouing geassosieer word.

Die klem van die skoonheid van die vloeiende waterkleure en onduidelike vorms is aspekte kenmerkend van Romantiek. Sy dokumentering van die waarheid van die daaglikse werklikheid assosieer hom egter ook met Realisme.

(6)
[20]

VRAAG 2: DIE GEBOORTE VAN MODERNISME

Modernisme in kuns is gebore toe keiser Napoleon III 'n spesiale uitstalling gelas het, bekend as Salon des Refuse – die 'Salon van die verwerpte' – aangesien 'n groot aantal kunstenaars se werk by die Salon verwerp is. Op hierdie manier is die krag van die akademie gebreek en 'avant-garde' is gebore.

FIGUUR 2a, 2b en 2c is visuele illustrasies van werke van kunstenaars wat deel uitmaak van verskillende groepe wat van die tradisie van die Akademie weggebreek het.

2.1 Leeders verwys na FIGUUR 2a en analiseer die kunswerk in terme van die volgende om hierdie wegbreek te illustreer.

- Onderwerp
- Styl en tegniek
- Formele elemente

Onderwerp:

Die onderwerp van FIGUUR 2a is 'n landskap van landbougrond met twee hooimiede in die voorpunt. Voor Impressionisme, is landskapskilderye gewoonlik as van minder belang deur die Salon beskou. Volgens die tradisionalistes was die natuur nie edel of permanent genoeg nie, tensy dit herorganiseer is om 'n geïdealiseerde landskap te vorm. Landskappe was gewoonlik met figure gekombineer.

Styl en tegniek:

Tradisionalistes het geglo dat kuns ernstig, objektief en intellektueel eerder as emosioneel moes wees. Harde en presiese buitelyne moes gebruik word om die vorms en beelde duidelik te definieer. Daar was 'n gladde aanwending van verf sonder sigbare kwashale. Monet was 'n impressionistiese kunstenaar, en FIGUUR 2a is 'n buitewerke skildery wat die effek van die veranderende lig op hooimiede en die grond belangriker maak as die hooimiede. Die agtergrond is feitlik onherkenbaar. Die palet is dus ligter en helderder. Buitewerke skilderkuns het ook die kleurrykheid soos blyk in die geel van die grond en die rooi op die hooimiede, bevorder. Skadu's is nie meer in die tradisionele bruin kleure nie, maar word lewendig gemaak met skakerings van pers. Die impressioniste het so min as moontlik kleure op hul palet gemeng omdat gemengde kleure hul glans verloor. Hulle het helderheid verkry deur komplementêre kleure langs mekaar te plaas, soos wat ons in die geel en pers op die hooimiede sien. Kwashale is los en vry, dus lyk die werk onvoltooid.

Formele Elemente

(Elemente wat hierbo bespreek word, moet nie weer gekrediteer word nie, maar die volgende, indien bespreek, kan gekrediteer word.)

- Lyn is nie skerp gekant nie
- Harige rofheid
- Ryk kleurdieptes
- Kleiner wordende ruimte

(6)

2.2 *Alhoewel kunstenaars soos Vincent Van Gogh, Paul Cézanne, Paul Gauguin en Georges Seurat beïnvloed is deur Impressionisme, het hulle nie by die styl gebly nie, maar dit vermeng met nuwe kreatiewe benaderings, wat uiteindelik gelei het tot heeltemal nuwe individualistiese style wat die fondament vir vroeë 20ste eeuse kuns gelê het.*

Leerders skryf 'n opstel (¾ bladsy) waarin hulle die werke van Paul Cézanne (FIGUUR 2b) en Paul Gauguin (FIGUUR 2c) bespreek om die bostaande stelling te bewys.

Hulle moet na die volgende verwys:

- *Bewyse van Impressionistiese invloede in hul werke*
- *Hul verskillende kreatiewe rigtings of benaderings tot die skep van kuns*
- *Ontleding van onderwerp en tema*
- *Styl en tegniek*

Bewyse van Impressionistiese invloede in hul werke:

FIGUUR 2b:

Cezanne was beïnvloed deur kunstenaars soos Delacroix en Courbet as gevolg van die struktuur in hul werk. Die sterker palet van die Impressioniste het hom ook beïnvloed, maar hy het gevoel hulle het struktuur en vorm verwaarloos in hul klem op kleur- en kwashale. Pissarro stel Cezanne aan landskapskildering bekend.

FIGUUR 2c:

Gauguin is beïnvloed deur Impressionisme in sy vroeë werk. Baie van sy skilderye, is landskappe soos *Arearea*, maar gevul met figure. In 1886 het hy egter onder invloed van Emile Bernard van Impressionisme afgewyk. Sy ligte gebroke kwasstroke wat in sy vorige werke gesien is, het breed en parallel geword soos dit n *Arearea* voorkom. Ryk, gebroke stroke is op plat dekoratiewe vorms van helder kleure gedruk. Perspektief is egter behou deur die skaalvermindering van die figure, soos wat verder weg beweeg is.

Hul verskillende kreatiewe rigtings of benaderings tot die skep van kuns:

FIGUUR 2b:

Cezanne het 'n intensiewe studie van die ou meesters van die Louvre gedoen. Hy het bewus geword van die swakhede van Impressionisme en hy het gesê dat hy Impressionisme iets sterk en duursaam wou maak – soos die ou meesters. Sy soeke na reduksie tot 'n absolute essensie is goed geïllustreer in sy reeks werke oor swemmers. In *Die Groot Baders (The Large bathers)* (FIGUUR 2b) het hy anatomie geïgnoreer en het die menslike figuur dieselfde soliede en konkrete gehalte gegee.

FIGUUR 2c:

Gauguin het geglo dat die kunstenaar vanuit sy geheue moet werk en verbeeldingryke werke moet skep. Hy het inspirasie vir denkbeeldige tonele in sy skilderye geneem van dit wat hy rondom hom gesien het, plaaslike stories sowel as antieke godsdienstige tradisies. *Arearea* is verteenwoordigend van hierdie werke waar droom en werklikheid gesamentlik bestaan.

Ontleding van onderwerp en tema:**FIGUUR 2b:**

Cezanne se werk gaan nie oor wat plaasvind nie, maar volg eerder in die tradisie om die studie van die menslike liggaam te gebruik om idees en emosies oor te dra. Cezanne begin om die menslike liggaam te dekonstrueer. Hy hanteer die uitdaging van hoe om die naakte in die moderne omgewing te verf. Die figure is sonder sensuele skoonheid. Hul ledemate is verleng en hul volheid oorbeklemtoon. Die boomstompe vorm 'n lang boogvorm oor die figure in die voorgrond, wat omgekeerd is in die vorm van die arms van die twee figure in die middel. Die groepe links en regs vorm piramidale komposisies wat die werk asimmetries balanseer met 'n spasie in die middel om ons oë na 'n dieper kyk van die landskap te lei. Hy het die figure verdraai sodat hulle beter in die omgewing pas. Die figure is argitektonies en lyk gevries in hul posisies en hul liggame is verleng. Die figure is net voorwerpe of boublokke in sy struktuur.

FIGUUR 2c:

Op die voorgrond is daar verskeie motiewe, wat hy ongetwyfeld waargeneem het, aangesien hulle in die skilderye van hierdie tydperk herhaaldelik voorkom. Daar is twee vroue in die middel van die prentjie, 'n boom wat oor die doek sny en 'n rooi hond. Die lug het verdwyn, 'n opeenvolging van gekleurde bane in groen, geel en rooi vorm die struktuur van die samestelling. In die denkbeeldige toneel in die agtergrond is daar verskeie vroue wat 'n beeld aanbid. Gauguin het 'n klein Moari-beeldjie vergroot tot die van die groot Buddha en 'n heilige ritueel geskep. Al hierdie elemente skep 'n towerwêreld, vol harmonie en melancholie, waar die mens onder die beskerming van die gode leef, in 'n ryke natuurlike omgewing – 'n argaïese geïdealiseerde Polinesië.

Styl en tegniek:**FIGUUR 2b:**

- Cezanne het dieselfde kleure as die Impressioniste gebruik, dog op 'n meer gestruktureerde wyse
- 'n Plat kleurarea word in aparte kleurfasette opgebreek
- Vorms word dikwels met donker kontoerlyne uiteengesit
- Skaduwees vorm ook soliditeit
- Elke kwaswerk is soos 'n bousteen
- Hy gebruik reghoekige kwashale wat nie emosie uitdruk nie, maar 'n ritmiese patroon vorm

FIGUUR 2c:

- Hy het van plat dekoratiewe vorms gebruik gemaak
- Sy agtergrond is so helder soos die voorgrond
- Hy gebruik kloonisme waar helder gebiede deur donker kontoerlyne onderskei is.
- Hy het breë parallelle kwashale in sy dekoratiewe en vereenvoudigde toepassings gebruik

(8)

- 2.3 *Leerders kies EEN Suid-Afrikaanse kunstenaar wat hulle bestudeer het wie se werk Impressionistiese / Post-impressionistiese invloede weerspieël en skryf 'n opstel van (ongeveer ½ bladsy) waarin bespreek word hoe hierdie invloede in die werk uitgedruk word.*

Hulle moet die volgende in hulle bespreking insluit:

- *Naam van die kunstenaar en titel van die kunswerk*
- *Die onderwerp en tema*
- *Die gebruik van kunselemente, tegnieke en komposisionele toestelle*
- *Die manier waarop hierdie bewegings die kunstenaars beïnvloed het*

(6)
[20]

VRAAG 3: VROEË 20^{ste} -EEUSE KUNS

Kuns van die vroeë 20ste eeu weerspieël kunstenaars se vasberadenheid om weg te breek van alle vorme van naturalisme in 'n poging om dit te vervang met voorkeurvolle van ekspressionisme en abstraksie. Een van die vroeë 20ste eeuse kunstenaars het gesê: "As ek groen verf, beteken dit nie dit is gras nie; as ek blou verf, beteken dit nie dit is die hemelruim nie. "

- 3.1. *Leerders moet die visuele bron FIGUUR 3a bestudeer en (in 'n paragraaf) beskryf Matisse se toepassing van kleur, tegnieke om te wys hoe die rol van kleur verander het.*

Matisse's *Woman with a Hat* toon duidelik 'n afwyking van die Fauviste se toepassing van kleur volgens die tradisioneel beskrywende rol – die naturalistiese rol. Spatsels van suiwer kleur kenmerk die skildery. Kleure word arbitrêr op die gesig, rok en in die agtergrond toegedien. Groot plat areas van lewendige intense groen kleure word langs pers, geel en oranje geplaas om 'n botsende effek te skep. Helder botsende kleure wat ewe helder is, verskyn op die voorgrond en agtergrond. Die idee is om emosie uit te beeld wat voorgestel word in die uitdrukking van die vrou. Uit die werk blyk dit dat Matisse klaarblyklik vinnige energieke kwashale gebruik het waar elke kwashaal met emosie gelaai is.

(4)

- 3.2 *Hierdie werk behoort aan die Sintetiese Fase van Kubisme; Picasso se werk toon eienskappe van die post-analitiese fase van Kubisme; dit het meer kleur as die Analitiese Fase, wat monochromaties was, en dit toon 'n terugkeer na 'n sterk uiteenlopende, dekoratiewe styl wat nie in die vroeë fase van die Analitiese gesien is nie. Dit is 'n styl soortgelyk aan cloissonism, waar swart buitelyne areas van sterk kleur omsluit, soos 'n gebrandskilderde venster, en waar die patrone sterk is. Die geometriese vervorming van gesigseienskappe en bane is ook tipies van alle fases van Kubisme.*

(4)

- 3.3 *Gladys Mgudlandlu is 'n self-geleerde kunstenaar wat haar eie unieke Afrika-ekspressionistiese styl van skilder geskep het. Die styl verwys na 'n kombinasie van sekere vroeë twintigste style in Europa.*

Bestudeer die visuele illustrasie in FIGUUR 3c en skryf 'n kort opstel wat die werk ten opsigte van die volgende analiseer:

- *Onderwerp*
- *Lyn*
- *Kleur*
- *Samestelling en ruimte*
- *Die vroeë twintigste style waaraan die werk gekoppel kan word.*

Onderwerp:

Twee Xhosa-vroue wat halfgekleed is in tradisionele Xhosa-klere, sit half teenoor mekaar terwyl hulle Xhosa-pype rook. Die houdings, uitdrukking op die gesigte dui daarop dat hulle ontspanne is en rustig deelneem aan terloopse gesprekke terwyl hulle rook. Die dominansie van blou maak die atmosfeer koel en huislik.

Lyn:

Die formaat wat gebruik word, is landskapformaat wat die oorheersing van die horisontale lyn toon, wat 'n gevoel van vrede en kalmte skep wat tussen die twee vroue bestaan. 'n Dikker donker buitelyne is in sommige gedeeltes gebruik om die verwronge vorms van die figure en vorms te definieer. Byvoorbeeld, donker buitelyne is gebruik om die romp, arms, bene en borste van die vrou aan die linkerkant te definieer. Donker lyne is ook gebruik om 'n kosmetiese effek van dik oogwimpers te skep; rokpatrone om skoonheid voor te stel.

Kleur:

Drie dominante kleure oorheers die samestelling, blou, oranje en bloedrooi. Dit word herhaal in die koppe en die hare van die twee vroue om 'n samehorigheidsgevoel te skep. Kleure is willekeurig gebruik; die plat, sterk en warm oranje van die rompe word teen 'n koel blou geplaas, wat uitdruklik as velkleur vir die vroue en agtergrond gebruik word. 'n Omvattende sterk bloedrooi kleur word grofweg tussen die twee figure in die areas van die pype aangewend om die idee van dialoog te skep.

Samestelling en ruimte:

Die posisies van die vroue en die feit dat hulle teenoor mekaar sit, maak die samestelling asimmetries, maar die feit dat hulle nie op dieselfde vlak is nie, gee ons 'n gevoel van afnemende ruimte wat ook deur die bloedrooi versterk word, net om verbreek te word deur die blou om ontspanning in 'n ingeslote ruimte voor te stel.

Die vroeë 20^{ste} eeuse style waarmee die werk verbind kan word:

Die werk word gekenmerk deur vereenvoudiging van vorm, afwyking van tradisionele kleurgebruik. Die vervorming van vorm, gekombineer met verkeerde perspektief en arbitrêre gebruik van kleur, verbind die werk veral met die Fauvist-styl. Die gebruik van dik donker buitelyne is kenmerkend van Maurice Vlaminck en André Derain, wat albei Fauvist-kunstenaars was.

Aanvaar enige ander goed gemotiveerde verbinding('link').

(6)

- 3.4 *Leerders kies enige Futuristiese kunswerk deur enige futuristiese kunstenaar en skryf 'n opstel (ongeveer $\frac{3}{4}$ bladsy) waarin hulle die werk analiseer, bespreek en evalueer in terme van die doelwitte, eienskappe en styl van Futurisme.*

(6)
[20]

VRAAG 4: ARGITEKTUUR

Terwyl die 19de eeu 'n wegbreek deur kunstenaars van neo-klassieke invloede was, was hierdie wegbreek nie net beperk tot skilder- en beeldhoukuns nie, maar dit het ook argitektuur beïnvloed. Tradisionele neo-klassieke argitektoniese style het plek gemaak vir nuwe vorme van artistieke argitektuur.

- 4.1 *Verwys na visuele illustrasie FIGUUR 4a. Identifiseer die argitektoniese styl waartoe hierdie gebou behoort en bespreek hoe vorms van sy fasade duidelik met sy funksie verband hou.*

